

# UV-studente presteer op FPI-kongres



Foto: Gordon Harris Photographic

Die diplomaplegtigheid van die UV se Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg is onlangs by Gallagher Estate in Johannesburg op die Finansiële Beplanningsinstituut (FPI) van Suid-Afrika se jaarkongres gehou. Die beste studente in die Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning was, van links: me. Léta Naudé (Eerste Nasionale Bank, Johannesburg, beste student in Batetipes en Beleggingsbeplanning en Beginsels van Portfoliobeplanning en Bestuur), mnr. Paul Rabenowitz (Lightbulb Learning and Training, Johannesburg, beste student in Persoonlike Risikobestuur en Boedelbeplanning), mnr. Michael Prinsloo (Alexander Forbes, Johannesburg beste student in Fondsonwerp en Instandhouding), me. Prem Govender (Voorsitter van die FPI), en adv. Wessel Oosthuizen (Direkteur van die UV se Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg). Mnr. Rabenowitz is ook aangewys as die beste student in hierdie diploma.



Foto: www.livemoments.co.za

Van links is: mnr. John Arnesen (Hoof-Uitvoerende Beampete van die FPI), mnr. Louis van Vuuren (BOE Trust Ltd) en mnr. Paul Rabenowitz (Lightbulb Learning, beste algehele student in die Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning).



Studente van die Universiteit van die Vrystaat (UV) het onlangs al die pryse ingepalm op 'n prysuitdeling van die Finansiële Beplanningsinstituut (FPI) van Suid-Afrika wat by Gallagher Estate in Johannesburg plaasgevind het. Die prysuitdeling was deel van die FPI se jaarlikse kongres.

UV-studente het al die pryse wat vir die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning toegeken is, gewen. Hierdie pryse is toegeken vir die beste student en die naaswenner in die gevalliestudie, en die algehele beste student en die naaswenner in die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning.

Die UV is tans die enigste instelling wat die Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning aanbied. Die FPI erken hierdie gevorderde diploma deur toekennings aan die beste student en die naaswenner te gee.

Die prysuitdeling is voorafgegaan deur die diplomaplegtigheid waartydens altesaam 453 diplomas vir die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning en die Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning toegeken is.

Die UV se Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg, wat in 2001 tot stand gekom het, was die eerste en vir vyf jaar lank die enigste akademiese instelling in Suid-Afrika wat 'n nagraadse diploma in finansiële beplanning aangebied het. Die UV is vandag steeds die enigste instelling wat die kursus deur afstandsonderrig aanbied.

Groot maatskappye, banke, versekeraars en beleggingsbestuurders skryf hul werknemers vir die program in wat aan finansiële raadgewers, makelaars, prokureurs en bankiers die internasionaal erkende CFP®-status as gesertifiseerde finansiële beplanners gee, asook lidmaatskap van die FPI.

'n Gekwalifiseerde finansiële beplanner, veral 'n CFP®, is een van die mees gesogte statusse in die finansiële beplanningsektor. Hierdie kwalifikasie is sterk in aanvraag, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook oorse. Met ongeveer 3 700 CFP's, is Suid-Afrika op vier na die land met die meeste gesertifiseerde finansiële beplanners.

Adv. Wessel Oosthuizen, Direkteur van die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg, is nasionaal en internasionaal bekend vir sy bydrae tot die bevordering van finansiële beplanningsreg. Hy is onlangs deur die Financial Planning Standards Board genooi om op 'n internasionale komitee te dien wat die gehalte van finansiële beplanningsopleiding evalueer. Hy is ook voorsitter van die werkgroep wat riglyne ontwikkel vir 'n gestandaardiseerde internasionale leerplan vir finansiële beplanners.



Foto: www.livemoments.co.za

Van links is: mnr. John Arnesen (Hoof-Uitvoerende Beampete van die FPI), mnr. Johan Borcherds (PSG Konsult), en mnr. Philip Shapiro (NFB Financial Services Group, Johannesburg, algehele beste student in die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning).



Foto: Gordon Harris Photographic

Die beste studente in die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning is tydens die diplomaplegtigheid van die UV se Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg op die FPI se jaarkongres aangekondig. Hier is, van links: adv. Wessel Oosthuizen (Direkteur van die UV se Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg), mnr. Philip Grizic (Ascot Trust, Durban, beste student in die praktiese gevalliestudie), me. Anjalai Moodley (Old Mutual, Johannesburg, beste student in Finansiële Beplanningsomgewing), mnr. Freddie Rörich (Liberty Life, Bloemfontein, beste student in Korporatiewe Finansiële Beplanning), mnr. Philip Shapiro (NFB Financial Services Group, Johannesburg, algehele beste student, en beste student in Finansiële Beplanningsomgewing en Persoonlike Finansiële Beplanning), en prof. Johan Henning (Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV).



# UFS students excel at FPI convention



Photo: Gordon Harris Photographic

The diploma ceremony of the UFS Centre for Financial Planning Law was recently held at Gallagher Estate during the annual convention of the Financial Planning Institute (FPI) of South Africa. The best students in the Advanced Postgraduate Diploma in Financial Planning were, from the left: Ms Léta Naudé (First National Bank, Johannesburg, best student in Asset Types and Investment Planning and Principles of Portfolio Planning and Management), Mr Paul Rabenowitz (Lightbulb Learning and Training, Johannesburg, best student in Personal Risk Management and Estate Planning), Mr Michael Prinsloo (Alexander Forbes, Johannesburg, best student in Fund Design and Maintenance). Ms Prem Govender (Chairperson of the FPI), and Adv. Wessel Oosthuizen (Director of the Centre for Financial Planning Law at the UFS). Mr Rabenowitz was also named best overall student in this diploma.



Photo: www.livemoments.co.za

From the left are: Mr John Arnesen (Chief Executive Officer of the FPI), Mr Louis van Vuuren (BOE Trust Ltd), and Mr Paul Rabenowitz (Lightbulb Learning, best overall winner in the Advanced Diploma in Financial Planning).



Students from the University of the Free State (UFS) recently won all the prizes during the Financial Planning Institute's (FPI) prize giving ceremony presented at Gallagher Estate in Johannesburg. The prize giving was part of the FPI's annual convention.

UFS students won all the prizes awarded for the Postgraduate Diploma in Financial Planning. These prizes are awarded for the best student and runner-up in the case study and the overall best student and runner-up in the Postgraduate Diploma in Financial Planning.

The UFS is currently the only institution that offers the Advanced Postgraduate Diploma in Financial Planning. The FPI gives recognition to these advanced diplomas by awarding prizes to the best student and runner-up.

The prize giving was preceded by a diploma ceremony during which 453 diplomas in the Postgraduate Diploma in Financial Planning and the Advanced Postgraduate Diploma in Financial Planning were awarded.

The Centre for Financial Planning Law at the UFS, which was established in 2001, was the first and for five years the only academic institution in South Africa to present a Postgraduate Diploma in Financial Planning. Today the UFS is still the only intuition to present this course through distance learning.

Large companies, banks, insurers and investment managers enrol their staff for this programme. It provides financial planners, brokers, lawyers and bankers with the internationally recognised CFP® status as certified financial planners, as well as membership of the FPI.

A qualified financial planner, especially a CFP®, is one of the most prestigious statuses in the financial planning sector. This qualification is in strong demand, not only in South Africa, but also overseas. With about 3 700 CFP's, South Africa has the fifth highest number of certified financial planners in the world.

Adv. Wessel Oosthuizen, Director of the Centre for Financial Planning Law, is well-known nationally and internationally for his contribution to the advancement of financial planning law. He was recently invited by the Financial Planning Standards Board to serve on an international committee that will evaluate the quality of training in financial planning. He is also the chairperson of a working group that is developing guidelines for a standardised international study plan for financial planners.



Photo: www.livemoments.co.za

From the left are: Mr John Arnesen (Chief Executive Officer of the FPI), Mr Johan Borcherds (PSG Konsult), and Mr Philip Shapiro (NFB Financial Services Group, Johannesburg, overall winner in the Postgraduate Diploma in Financial Planning).



Photo: Gordon Harris Photographic

The best student in the Postgraduate Diploma in Financial Planning was named during the diploma ceremony of the UFS's Centre for Financial Planning Law during the FPI's annual convention. Here are, from the left: Adv. Wessel Oosthuizen (Director of the Centre for Financial Planning Law, UFS), Mr Philip Grizic (Ascot Trust, Durban, best student in the practical case study), Ms Anjalai Moodley (Old Mutual, Johannesburg, best student in Financial Planning Environment), Mr Freddie Rörich (Liberty Life, Bloemfontein, best student in Corporate Financial Planning), Mr Philip Shapiro (NFB Financial Services Group, Johannesburg, best overall student, and best student in Financial Planning Environment and Personal Financial Planning), and Prof. Johan Henning (Dean: Faculty of Law at the UFS).

